

21 Februarie

Skrifgedeelte: Jeremia 16-17:18

Fokusgedeelte: Jeremia 17:1-10

'n Vrugteboom en 'n kaal bos

Die seëninge van die gehoorsame kind van die Here staan in hierdie gedeelte in 'n baie sterk kontras met die oordeel oor die goddeloses. Die goddelose sal al sy rykdom en skatte verloor en nie die ewige lewe erf nie. Hy sal word soos 'n kaal bos in die wildernis. Hierteenoor sal hy wat op die Here vertrou, wees soos 'n boom wat by die water geplant is ... in die droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie. Hierdie vrugte is natuurlik die werke wat uit dankbaarheid in ons lewe as geloofsvrugte sigbaar word. Hulle verseker jou van jou eie geloof (HK Sondag 32) en kan ook jou naaste vir Christus wen. Die boom wat by die stroom van die lewende water geplant is, kan nie anders as om die goeie vrugte te dra nie. Hierdie vrugte is immers nie van die boom self nie, maar van die stam waarop die takke en lote ingeplant is naamlik Jesus Christus. Dienswerk wat voortkom uit die krag wat Christus jou gee, maak van jou 'n vrugteboom wat nooit ophou vrugte dra nie. As jou dienswerk egter uit eie krag gedoen word, dan is jy soos 'n kaal bos in die wildernis.

Sing: Psalm 7:5

Ds DL de Beer (Emeritus)